

Ontmoeting 6

Jesaja

Kinders leer oor die profeet Jesaja

Teks: Jesaja 6:1–8

Hulpmiddels:

- Heuning/stroop
- Afdrukke van inkleurprent
- Papier en potlode om briewe aan die kerkraad/skoolhoof te skryf
- Afdrukke van die “mond” aktiwiteit”
- Gom of versiersuiker
- Genoeg marshmallows (kleintjies)



Welkom

Soos die kinders in die lokaal inkom, smeer ’n bietjie heuning/stroop aan hulle lippe, maar hulle mag dit nie aflek nie. Sing nou liedjies saam of speel ’n paar welkomspeletjies, maar herinner hulle gedurig daaraan dat hulle nie hulle lippe mag aflek nie. Laat hulle na die lang tyd hulle lippe op mekaar sit om te kyk wie se lippe die taaiste is. Vra vir hulle of hulle dink mens kan goed praat of sing met sulke taai lippe. Laat almal nou hulle lippe aflek en die soet van die heuning/stroop proe en ook ervaar hoeveel makliker hulle nou kan praat en sing. Sing ’n laaste liedjie saam; nou met die “los” lippe.



Wyding

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in ’n rustige stem (terwyl hul oë toebly): “God se lig skyn altyd oor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem.” Wag nog ’n paar tellings en sê dan: “Amen.”



Woord

Lees Jesaja 6:1–8

Jesaja was ’n profeet. Hy was een van die groot profete van Juda (die Suidelike ryk). Hy het in Jerusalem gewoon en het in 740 vC begin profeteer. Hy het die mense oor en oor gewaarsku dat God hulle gaan straf oor al die sonde wat hulle doen. Hy het 64 jaar lank profeteer.

Al die waarskuwings het waar geword. As julle mooi onthou, sal julle weet dat die Noordelike ryk deur die Assiriërs verslaan is (722 vC). Die Suidelike ryk was ook in gevaar. Al het hulle gesien wat met die Noordelike ryk gebeur en al het God vir Jesaja gestuur om hulle te waarsku, het hulle eenvoudig net aangehou om verkeerd te doen.

Jesaja het daardie tyd beleef hoe die 10 stamme van Israel by die twee stamme van Juda om hulp kom sreek het. Hulle wou nie help nie.

God het vir Jesaja op 'n besonderse manier geroep om as profeet op te tree. Hy het vir Jesaja 'n stukkie van die hemel laat sien. Hy het God se troon gesien en serafs, dis spesiale engele, wat sing. Toe Jesaja sien hoe groot, wonderlik en heilig God is, het hy baie groot geskrik. Daar was 'n groot probleem. In vers 5 sê Jesaja wat die probleem was: "My woorde en die woorde van die volk is onrein." (Jes. 6:5)

Jesaja het dadelik besef dat die Here se naam nooit meer oor sy lippe of sy volk se lippe kom nie. Niemand het meer reg oor die Here gepraat, liedere vir Hom gesing of tot Hom gebid nie.

Een van die ander groot profete, Esegïel, het dit ook ervaar. Vir hom het die Here in 'n visioen 'n stukkie van die Woord laat eet en dit was vir hom soet soos heuning. (Esegïel 3:2-3)

Wat is rein en wat is onrein woorde? Is dit net vloekwoorde en godslasterlike woorde wat onrein is?

Ja, dit is so, maar dis meer as dit.

As jy bv. goed gedoen het in 'n toets of op die sportveld, is jou woorde onrein as jy sê: "Dis my eie harde werk dat ek so goed gedoen het." Of as jy sê: "Dis net 'luck' dat ek so goed gedoen het." Of as jy sê: "Dis omdat die sterre vir my reg gelê het."

Rein woorde is om vir die Here dankie te sê omdat Hy vir jou die vaardigheid gegee het. Dis om Hom te loof en te eer vir die geleentheid wat jy het om ook hard te kan werk en jou bes te probeer.

As ons ons mond wil regkry en ons lippe rein wil hou, moet ons die Woorde van God op ons lippe kry. Dit beteken ons moet reg praat oor God, voor God en met God. Daarom moet ons meer uit die Woord van God lees. Vra iemand om jou te help as jy sukkel om te lees of te verstaan wat in die Bybel staan. Ons sal dan die sinne en woorde hoor waarmee ons God kan dank en loof en eer.

Leer vir die kinders 'n stukkie "Woord". 'n Voorstel is Psalm 136:1:

**"Loof die Here, want Hy is goed.
Aan sy liefde is daar geen einde nie."**

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat sê jy wat mooi is.
2. Ek wonder wat sê jy wat ander mense seer maak.
3. Ek wonder wat gaan jy doen om meer van die woorde, woorde wat God gelukkig maak, te leer praat.



Werskaf

- Maak 'n mond van karton/papier en marshmallows.
- Sit 'n bakkie met heuning/stroop uit en laat die kinders elkeen 'n vinger daarin druk en weer hulle lippe taai maak en proe.
- Deel aan elke kind 'n afskrif van die kaartjie hier onder uit en laat hulle dit invul en plak dit as groep op 'n plakkaat of êrens waar julle dit kan sien.


Sluit af met die seënbede:

Here, ons lippe raak ook weer vinnig onrein omdat ons so maklik lelik praat. Help ons om ons lippe rein te hou deur altyd vir U dankie te sê en U te loof en prys. Amen.


Ek gaan probeer om nie.....

Ek gaan probeer om

Knip die sirkel uit as 'n mond



Vou op stippellyn



Knip tong uit en plak mooi op die onderkant van die vou in die "mond".

Plak dan klein marshmallows as tande al langs die bo- en onderkant van die mond. Gebruik eerder versiersuiker as gom hiervoor.

